Riglyne vir die indien van 'n Beskrywingspunt

1. 'n Beskrywingspunt word skriftelik deur 'n kerkraad, ring of 'n kommissie van die sinode minstens drie maande voor die aanvang van 'n sinodesitting by die skriba van die sinode ingedien (Bepaling 35.4.1).

2. Daar word aangedui watter kerkvergadering die beskrywingspunt indien (bv naam van kerkraad of ring).

3. Dit word van 'n kort, samevattende opskrif voorsien.

4. Dit word so geformuleer dat die Sinode by die lees daarvan sonder enige moeite sal weet presies wat die beskrywingspunt vra, sê of bedoel.

5. Dit word, waar enigsins moontlik, van 'n motivering vergesel.

7. Dit bevat 'n duidelike verwysing na 'n bestaande sinodebesluit of betrokke bepaling, indien die beskrywingspunt 'n voorstel vir die hersiening (revisie) van 'n sinodebesluit of bepaling behels. Vir veranderinge in die Bepalinge en Reglemente moet beskrywingspunte in die vorm wees waarin dit in die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente opgeneem kan word (Bepaling 35.4.3).

8. Dit word soos volg ingelei: "Die Sinode besluit dat …"

9. Dit hoef nie gesekondeer te wees nie.

10. Dit stel ondubbelsinnig voor dat iets deur die Sinode gedoen, gemagtig of gereël word of dat die Sinode oor 'n bepaalde saak standpunt inneem. 'n Beskrywingspunt wat bedekte klagtes bevat, is nie ontvanklik nie (Bepaling 35.4.4).

11. Dit handel oor 'n saak wat op die terrein van die Sinode val (kyk Artikel en Bepaling 35 van die Kerkorde van 2020 vir die taak en bevoegdheid van die Sinode).

12. Dit moet positief gestel word sodat elke afgevaardigde presies sal weet waarvoor hy stem as hy "ja" of "nee" daarop moet sê.

13. Dit dien tot opbou van die kerk.

BRON: Kerkorde 2020, Sinode van Oos-Kaapland, Artikel en Bepaling 35.